# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079
Posbus/P.O Box 5
Lydenburg 1120

E-mail: admin@lydlaer.co.za


Omsendbrief 6 van 2022

24 Februarie 2022

Geagte Ouers

1. **<u>DAGROOSTER: 28 Februarie – 4 MAART 2022</u>**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Dag 3 |
| Dinsdag | - | Dag 4 |
| Woensdag | - | Dag 5 |
| Donderdag | - | Dag 6 |
| Vrydag | - | Dag 1 |

2. **<u>TOETSREEKS</u>**
Die toetsreeks vind vanaf 28 Februarie – 10 Maart plaas. Die tentatiewe toetsrooster is reeds op die groepe geplaas.

3. **<u>RUGBY EN NETBAL: OEFENTYE</u>**
Die 0/9 – 0/13 rugby- en netbaloefentye is reeds op die whatsapp groepe geplaas.
Die Junior rugby- en netbaloefeninge begin in die 2de kwartaal.

4. **<u>RUGBY (0/9 en 0/10)</u>**
Baie sterkte aan ons 0/9 en 0/10 rugbyspanne wat op Vrydag, 04 Maart en Saterdag, 05 Maart aan 'n toernooi gaan deelneem. Betrokke leerlinge sal briewe met die nodige inligting ontvang. Die bus vertrek om 07:30 vanaf die skool.

5. **<u>INTERLAER</u>**
Die interlaer 2022 was vir Laerskool Lydenburg die hoogtepunt van die atletiekseisoen. Ons het algeheel tweede geëindig net na Laerskool Nelspruit. Ons span kry 11 goue-, 23 silwer- en 21 brons medaljes. Ons behaal ook 14-vierde plekke en 5 goue medaljes in die aflosse. Baie geluk aan die atlete en afrigters ons is voorwaar trots op julle!

6. **<u>SKAAK</u>**
Skaakoefening begin en is as volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandae | 13:30 – 14:30 | Graad 1-3 | Juffrou Ronel se klas |
| Woensdae | 13:30 – 14:30 | Graad 4-7 | Juffrou Odette se klas |

7. **<u>LANDSDIENS</u>**
Ons sien uit na 'n heerlike Landsdiensjaar saam met alle leerlinge. Graad 4-7 wat die Landsdiens wil bywoon kan registrasievorms by Juffrou Jacolise Cronjé gaan afhaal en Graad 1-3 by Juffrou Erika Botha. Die registrasies en betalings sluit op Vrydag, 11 Maart. Die kostes beloop R150 vir die jaar. Geen laat vorms word aanvaar nie. Ons begin op Woensdag, 02 Maart 2022 vanaf 13:45 - 14:45. Ons kom bymekaar op die gras voor die mediasentrum.

8. **FOTO'S – 7 en 8 MAART 2022**

Daar word van almal foto's geneem vanaf Graad 1-7 op die Maandag 7 Maart, en van al die Graad R-leerlinge op Dinsdag, 8 Maart. Die koste per pakket beloop R130 en sluit in **1 Jumbo foto, A4 vergroting, 4 Id's, boekmerk en 'n klasfoto**. Die kostes vir **slegs 'n klasfoto** beloop **R60**. Alle bestellings moet met kontant vergesel word, **- geen betaling geen foto's nie! Betalings kan slegs by die kantoor gedoen word (Retha) en geen internetbetalings word aanvaar vir die foto's nie!** Geen bestelvorms word uitgedeel nie, u kwitansie word as bewys van bestelling aanvaar. **DIE BESTELLINGS SLUIT OP WOENSDAG, 16 MAART 2022.**

**FAMILIEFOTO'S**

Familiefoto's is beskikbaar teen R130.00. Dit word slegs op Maandag, **7 Maart 2022 NA SKOOL** tot 15:00 in die saal geneem. **Betaling word kontant by die fotograaf gedoen.**

9. **PAASEIERS**

Vorms is reeds uitgedeel vir die bestel van paaseiers. U handig bestelvorm met betaling in by ontvangs (Annalize). Slegs kontant word aanvaar en die bestellings sluit op 15 Maart 2022.

Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**